

31 *Saterdag***SKRIFGEDEELTE: LUKAS 2:25-35 (OAV)****FOKUSGEDEELTE: LUKAS 2:27-32****God verkondig deur Simeon die enigste troos in lewe en sterwe**

Die vroom Ou-Testamentiese gelowiges het die vertroosting van Israel, die Christus, verwag. Toe Hy, die Lig, gebore is, was die volk egter so verdorwe en verduister dat hulle Hom nie as Christus herken het nie, wyse manne uit die ooste moes Hom eer. Toe sy ouers by die tempel volgens die wet met Hom gaan handel, sien die dienaars in die Vader se huis Hom ook nie as Seun van God nie, net as maar nog 'n kind wat volgens die wet voorgestel word.

Ondanks hierdie duisternis en verdorwenheid was daar 'n regverdige en vroom man in Israel, Simeon (verhoring), wat die vertroosting van Israel verwag het. Die Here het hom aangewys om sy Seun in die tempel te ontvang. Simeon het deur die Heilige Gees se werking aan God se Woord vasgehou, daarom sien hy nie maar net nog 'n kind wat in sy arms lê nie, hy sien in Hom die vervulling van al God se beloftes van verlossing. As die kind Christus aan die seremoniële wette van God die Vader onderwerp word, sien Simeon Hom wat die wet in sy kinders se plek volkome kom onderhou het. Hy verkondig Hom as die heil wat God in Jesaja 52:10 vir die nasies aangekondig het.

Simeon het die vertroosting van Israel aanskou, daarom vrees hy ook nie die dood nie, maar kon hy getroos in vrede sterf. Hy was nou deur die Gees verseker van sy redding omdat die Redder gebore is.

Ons leef ook in 'n wêreld waar die meerderheid geen verwagting van Christus het nie, omdat hulle nie meer hulle sonde ken en die Woord glo nie. Daarom is dit vir die mensdom 'n donker, troostelose, verdorwe wêreld waar sonde hoogty vier. Tog hoef ons nooit troosteloos te wees nie, in die geloof moet ons aan die Woord vashou en deur die Gees altyd die heil sien wat God vir ons in Christus berei het. Ons moet ook die volkome vertroosting met die wederkoms verwag. Ons moet die heil en hoop in Christus, die Lig, ook aan 'n troostelose wêreld verkondig.

Die enigste troos in lewe en sterwe is immers dat ek met liggaam en siel, in lewe en sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader geen haar van my kop kan val nie.

Hy verseker my deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak my gewillig om vir Hom te leef.

*Sing: Skrifberyming 4-7:1, 2**Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)*